*Woensdag* **18 Februarie**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-12**

**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3 (AFR33/53/AFR83)**

**Barmhartige ontferming wat ware hoop skenk**

Dit is opmerklik in hierdie gedeelte dat Petrus ná die evangelie se Goeie Nuus, die barmhartige ontferming wat God vir die gelowiges skenk, dadelik spring na die direkte omstandighede van die gelowiges van daardie tyd. Die kerk van die Here wat onder vervolging te buk gaan. Petrus weet ook dat hierdie einde vir hom wag, soos Jesus al vir hom gesê het in Johannes 21:18. Daarom is hierdie nie leë woorde wat hy aan mense oordra nie, maar iets wat hy self op die horison van sy eie lewe sien aankom. Deur die Heilige Gees geïnspireer, dra Petrus die waarheid van die Lewende Hoop oor aan elke luisteraar.

Dit wat gaan kom, honger, vervolging, droefheid, swaarkry, is alles deel van die toekoms. Dit is egter nie al nie, want dit is alles die moeite werd. Deur sy groot ontferming, deur sy barmhartigheid, het God vir elkeen wat glo ’n nuwe lewe geskenk. Saam met hierdie nuwe lewe, met ander woorde ons verlossing deur Jesus Christus, erf ons ook ’n lewende hoop. Hierdie lewende hoop is nie iets wat in die lug rond waai en nie tasbaar is nie, dit is ’n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat vir ons in ons ewige lewe geanker is. Tasbaar, vas, iets wat kosbaarder is as al die goud op aarde.

As dit nie vir God se barmhartigheid, sy liefdevolle ontferming en genade vir ons was nie, sou niks die moeite werd gewees het nie. Maar nou, omdat ons reeds in hierdie lewe erfgename is van ’n lewende hoop, ’n ewige lewe, gaan ons enige beproewing, enige tyd van vervolging en swaarkry, tegemoet met die wete dat niks ons van hierdie erfenis en hoop kan ontneem nie.

*Sing: Skrifberyming 33 (2-4):1, 3*

*Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)*